

'n Herder is sagmoedig en dapper!

Maandag 27 Junie 2022

Lees: Kol 2:1-4

As ons aan 'n skaapherdertjie dink, dan dink ons aan iemand wat sagmoedig is, na sy skape kyk en hulle versorg deur hulle te lei na water en weiding. Maar 'n skaapherder se taak is ook meer as dit, hy moet ook sy skape oppas en alle gevaar trotseer om hulle te beskerm.

Dink aan Dawid, hy was nog 'n jong seun wat sy pa se skape opgepas het, tog sê hy self dat hy die wolwe en leeus en bere verjaag het wat die skape bedreig het. Hy was dapper en opreg en eerlik en lief vir die skape. Trouens die skape was die enigste lewende wesens met wie hy kon praat en kon oppas en liefhê as hy daar in die veld was.

Paulus was ook 'n herder, 'n ware opregte gesant van God wat God se skape, sy kinders, die gemeente van Kolosse opgepas het.

Hoe het hy hulle opgepas? Hy het aan hulle bemoedig. Hy het hulle vertroos deur Jesus Christus aan hulle te verkondig. Want geliefdes in Jesus Christus is daar vir ons oneindig troos te vind.

Is jy dalk eensaam en alleen op hierdie wintersdag? Is jy dalk oud, jonk, op jou eie? Verlang jy, kry jy swaar? Is jy bekommer oor die lewe, die toekoms, jou kinders of kleinkinders? Weet jy nie waar jou troos vandaan gaan kom nie?

Jesus Christus is die Goeie Herder.

- Joh 10:11 “Ek is die Goeie Herder. Die Goeie Herder lê sy lewe af vir sy skape.”
- Joh 10:14 “Ek is die Goeie Herder. Ek ken my skape en my skape ken My.”

Dit is ons grootste troos. Dit is die wysheid wat elke christen het. Dit is die geheimenis. Jesus Christus is ons Goeie Herder. Hy is sagmoedig. Daarom het Hy ons lief en lei ons en het sy lewe vir ons afgelê. Dit is ons groot troos. Hy is die weg die waarheid en die lewe. Hy het vir ons gelei na die groen weivelde, dit is die ware geloof dat Hy vir ons die Brood van die lewe is. Hy is vir ons die lewende water wat ons dors les.

As hierdie aardse lewe verby is, dan gaan elkeen wat in Hom glo die ewige lewe in waar daar net vrede en liefde en eensgesindheid is. Moet nie dat iemand aan jou iets anders wil leer as hierdie goeie troosvolle boodskap nie.

Jesus Christus is ons Herder.

Volg Hom! Hy lei ons na groen weivelde. Al moet ons soms in hierdie leiding van Jesus Christus ook lyding ondergaan om by die groen weivelde uit te kom, die Heilige Gees sal ons ook daarin lei en krag gee.

Mag ons almal groot troos vind in die Goeie Herder wat ons oppas, die dwaalleraars wegjaag en ons lei na die groen weivelde.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com